Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

26 Januarie 2024

Geagte Ouers/Voogde

**NUUSBRIEF 3/2024**

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**REGSTELLING – OMSENDBRIEF 1/2024**
Alle ouers/voogde het gister, 25 Januarie 2024 per e-pos, Omsendbrief 1/2024 ontvang. Let asseblief op die twee byvoegings en regstelling (in rooi) op die Bylaag A aangeheg. Bylaag A hierby aangeheg vervang dan die Bylaag A wat saam met Omsendbrief 1/2024 uitgestuur was.

**FOTO'S**

- Individuele foto's
  Graad R- tot graad 7-leerders se individuele foto's word Donderdag, 1 Februarie 2024 geneem. Alle graad 1- tot 7-leerders netjies geklee in skoolklere volgens skoolreëls, en graad R-leerders in hul gewone klere.

**GESINS-/GESLAGSVOORLIGTING (Graad 6)**
Alle graad 6-leerders het hierdie week 'n inligtingsbrief ontvang om huis toe te neem vir u om te lees. Soos in die skrywe, vra ons dat alle skeurstrokies volledig ingevul en teruggestuur word Maandag, 29 Januarie 2024.

**GESONDHEIDSVORM**
Graad R- tot 7-leerders ontvang Maandag, 29 Januarie 2024 'n gesondheidsvorm vir u om in te vul. Die inisiatief word jaarliks geloots deur die Departement van Gesondheid. Ons het nie beheer wat hul die kinders toedien of wanneer hul kom nie.
Slegs graad 5-dogters kry die HPV-inspuiting (net een inspuiting).
Lees asseblief die vorm noukeurig deur. Indien u nie wil hê dat u kind(ers) enige iets moet ontvang vanaf die Departement van Gesondheid nie, kan u net 'n streep deur die vorm trek en terugstuur. Alle vorms moet asseblief voor of op Vrydag, 2 Februarie 2024 teruggestuur word na u kind se voogklas, of u toestemming gee of nie.

**SPORT**

- **Krieket Toerdatums (o/9A – o/13A)**
  Net die volgende vir kennisname. Volledige inligting nader aan die tyd.
  - ✓ 17 – 20 Junie 2024 o/9A, o/10A, o/11A
  - ✓ 24 – 27 Junie 2024 o/12A, o/13A

- **Hekkies (Afrigting)**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 082 820 1989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Atletiek**
  - Die volgende byeenkoms vind tuis plaas teen Laerskool Simon Bekker, Laerskool Magalieskruin en Laerskool Pretoria-Oos op Dinsdag, 30 Januarie 2024. Atlete wie deelneem sal ‘n program ontvang. In ‘n poging om verlore klere te verminder, kan deelnemende atlete wat betrokke is by bogenoemde byeenkoms, Dinsdag met hul Villiesklere skool toe kom. Atlete wie in ski-pants deelneem, trek die ski-pants eers aan wanneer hul gaan deelneem, en nie gedurende die skooldag nie.

    Indien daar weerlig is in ‘n 5 km radius, word alle atletiekoefeninge, asook byeenkomste uitgestel/gekanselleer.

    Atlete moet asseblief by die oefeninge uitkom. Atlete wie privaat afrigting kry, hoef nie by die skool se oefeninge aan te sluit nie.

    <u>Atlete neem deel in die volgende drag alleenlik:</u>
    - ✓ Villiesdrag, of
    - ✓ Afmou villieshemp, of
    - ✓ Villies ski-pant (beskikbaar by Villies-klerehub).

  <u>Oefentye vir die komende week:</u>

| DAG | TYD | o/7 – o/9 | o/10 | o/11 | o/12 | o/13 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 13:45 – 14:30 | Naelope | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | Naelope en Middelafstande |
| | 14:30 – 15:15 | o/9 Middelafstande | Verspring | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring |
| | 15:15 – 16:00 | | | | Diskus / Spiesgooi | Spiesgooi / Diskus |
| Woensdag | 13:45 – 14:30 | Naelope | Hoogspring | Verspring | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot |
| | 14:30 – 15:15 | o/9 Middelafstande | Naelope en Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring |
| | 15:15 – 16:00 | | | | Diskus / Spiesgooi | Spiesgooi / Diskus |

- **Rugby (Seuns o/9 – o/13)**
  - **Rugbyproewe**

    Rugbyproewe Saterdag, 27 Januarie 2024 vir alle belangstellende o/9- tot o/13-seuns. Bring asseblief waterbottel en ‘n hoed saam en smeer sonskerm aan. Seuns trek ‘n oefenbroek aan, truie word voorsien.
    - ✓ o/9 8:00 – 12:00 (Oorbrugging – Alle o/9-seuns welkom)
    - ✓ o/10 10:00
    - ✓ o/11 11:00
    - ✓ o/12 en o/13 12:00

    LET WEL: Proewe is nie verpligtend nie. Seuns betrokke by die atletiek, kan na afloop van die atletiekseisoen inval by die rugbyoefeninge. Aangesien die kans bestaan dat ‘n atleet ‘n besering kan opdoen as gevolg van kontak tydens rugby, doen elke atleet en/of speler wat opdaag vir rugbyproewe en/of rugbyoefeninge, dit op eie risiko.

  - **Rugbyoefening**

    <u>Oefentye vir die komende week:</u>
    - ✓ o/9 en o/10 14:00 – 15:00 Donderdag
    - ✓ o/11 – o/13 15:00 – 16:00 Donderdag

- **<u>Netbal (Dogters o/10 – o/13)</u>**
  - **<u>Netbalproewe</u>**
    Soos per vorige nuusbrief, netbalproewe vir enige o/10- tot o/13-dogter wat belangstel, op Donderdag, 1 Februarie 2024 (14:00 – 16:00). Onthou jou tekkies, hoed, water en sonbrandroom. Geen dogter sal toegelaat word om kaalvoet te speel op die teerbane nie. Alle dogters wie belangstel om aan die proewe deel te neem, MOET Donderdag, 1 Februarie 2024 bywoon, aangesien slegs 25 dogters per ouderdomsgroep gekies word vir die netbalseisoen. Dogters kan Maandag, 29 Januarie 2024 hul name en een posisie opskryf by die afrigters se klas.
    Dogters wie die oefenspan gehaal het, se name sal dan Vrydag, 2 Februarie 2024 op ‘n lys wees teen die afrigter se klasdeur (1ste pouse) vir die dogters om te gaan kyk.

**<u>VILLIES-KLEREHUB</u>**

Vrydag, 2 Februarie 2024 (6:30 – 9:00) sal daar geleentheid wees om te kom kyk na tweedehandse skoolklere wat te koop aangebied sal word by ons Villies-Klerehub. Ons beoog, indien moontlik, om dit voortaan een keer per maand te doen. Kommunikasie in die verband sal vroegtydig volg.
Indien enige navrae rakende klere, krisisse en/of moontlike alternatiewe reëlings, kontak mevrou Corinda Sinden per e-pos by klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

- Winkelure (Maandae – Vrydae): 7:00 – 9:00
  (Tensy tye vir ‘n spesifieke dag verander, sal dit vroegtydig aan u gekommunikeer word).

**<u>HERHALENDE BOODSKAPPE</u>**

**<u>SPORT</u>**

- **<u>Tennis</u>**
  Ons verwelkom vir meneer Louis du Plooy as nuwe afrigter by Laerskool Villieria.
  <u>Leerders moet aan die volgende vereistes voldoen om aan die liga-wedstryde deel te neem:</u>
  - Die leerder moet op sy/haar eie telling kan hou tydens ‘n wedstryd;
  - Die leerder moet die bal korrek oor die net kan dien;
  - Die leerder moet die basiese reëls van tennis ken asook oor dubbelspel;
  - Die leerder moet in besit wees van sy/haar eie tennisraket.

  Proewe sal in kwartaal twee gehou word. Die liga vind plaas in kwartaal 3. Meer inligting rakende die proewe sal nader aan die tyd gegee word.

  Sien advertensie op bladsy 6 vir meer inligting rakende oefentye en kostes.

**<u>FINANSIES</u>**

- **<u>Onderriggelde</u>**
  As mens oor onderriggeld praat, raak enkele mense soms ongemaklik, ***MAAR*** hierdie is die jaar wat hierdie hoof opnuut uit sy hart vra, sien asseblief die noodsaaklikheid raak om jou kind(ers) se onderriggeld te betaal. Jou skool het die afgelope jaar of twee besondere maatreëls in plek gestel om kwaliteit onderrig te verseker, asook om geboue en terrein in ‘n spogtoestand te hou. **EN ALLES KOM MET ‘N PRYS.**

- **<u>Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgeld en rekeningstate</u>**
  - Rekeningstate is reeds vandag per e-pos aan alle ouers/voogde uitgestuur. Indien u nie ‘n e-pos ontvang nie, kontak asseblief die finansiële kantoor by finansies@laerskoolvillieria.co.za
  - Aansoekvorms vir vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde sal vanaf Woensdag, 24 Januarie 2024 per e-pos beskikbaar wees. Vorms word nie by die finansiële kantoor afgehaal of ingehandig nie, maar wel per e-pos gestuur. Indien u so ‘n vorm verlang, e-pos asseblief mevrou Ida Roodt by laasgenoemde e-posadres.
    Volledige besonderhede volg in Omsendbrief 1/2024 wat Woensdag, 24 Januarie 2024 aan alle ouers/voogde gestuur word.

**OUERINLIGTINGSAANDE**

Inligtingsaande vir ons ouers/voogde vind plaas op die volgende gegewe datums. Parkering beskikbaar op ons grasperk in 30ste Laan, asook die kerkterrein in 30ste Laan.

- Maandag, 29 Januarie 2024 (18:00) Graad 6
- Woensdag, 31 Januarie 2024 (18:00) Graad 7

**OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN**

Ons vra vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:

- Graad R – 2 13:00
- Graad 3 – 7 13:30

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

**TOESLUITKASSIES (Lockers)**

Alle leerders wie laas jaar toesluitkassies gehad het wie se slotte nog op is, moet dit verwyder eerste ding Maandagoggend, anders sal die slotte geknip word vir die nuwe aansoeke.
Alle graad 4- tot 7-leerders kan vanaf 6:30 Maandag, 22 Januarie 2024 toesluitkassies by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor kom betaal teen R150 elk vir die jaar. EFT-betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van *“First come, first serve.”* Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik vir die jaar voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.

***LET WEL: GEEN TOESLUITKASSIES MAG GEDEEL WORD MET ANDER LEERDERS OF BOETIE/SUSSIE NIE.***
**NEEM ASSEBLIEF KENNIS: GEEN toesluitkassie sal toegestaan word aan ‘n leerder sonder ‘n bewys van sy/haar kodeslot wanneer betaling gemaak word nie**. Kodeslotte moet daarom reeds voor Maandag, 22 Januarie 2024 aangeskaf word. Die rede hoekom ons slegs kodeslotte aanvaar, is omdat leerders dikwels die sleutels van hul slotte by die huis vergeet of dit verloor, en moet die slot dan geknip word. Ons faktotum is nie altyd beskikbaar om dadelik die slot te knip nie en veroorsaak akademiese probleme, want die leerder het dadelik hulle handboeke/take nodig wat toegesluit is binne sy/haar toesluitkassie.

**BOUPROJEK**

Dis kwartaal een van 2024, en ons het kwartaal vier van 2023 en kwartaal een van 2024, geoormerk vir enige inisiatiewe, kontakte, asook kontantbydraes deur middel van ons Villies Boufondsvorms (koop-‘n-steen, koop-‘n-muur). Nuwe klasse moet aangebou word. Kontantbydraes en EFT-betalings vir die bouprojek word deur u kind se Villies Boufondsvorm gedoen en direk by die skool inbetaal. Graad R-leerders ontvang eersdaags die Villies Boufondsvorm.
<u>Die redes vir ons genoemde Villies Bouprojek is om nuwe klasse aan te bou vir kwaliteit onderrig vir ons leerders:</u>


- Graad 1 en 2 – Nou vyf klasse, waarvan een klas in ons buurkerkgebou gehuisves word;
- Graad 5 – Voogklas, asook Engels hou skool tans in die skoolsaal.

Kontak asseblief ons projekleier (ouer van die skool), meneer L.W. van der Merwe vir moontlike kontakte en/of inisiatiewe by lwvdmerwe@mediplanarch.co.za

**LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD**

Toegang tot Laerskool Villieria se Facebookblad is SLEGS vir huidige ouers/voogde van ons skool bedoel. Indien u 'n Facebook "request" op Facebook stuur, maak seker u beantwoord alle vrae volledig asook u kind(ers) se volle naam en van.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**

***SIEN ADVERTENSIES OP VOLGENDE BLADSYE***

**BYLAAG A**

## BELANGRIKE DATUMS – KWARTAAL 1 (2024)

| | |
|---|---|
| Maandag, 29 Januarie | **OUERINLIGTINGSAAND:** Graad 6 (18:00) |
| Dinsdag, 30 Januarie | **10de SKOOLDAG** |
| | **FOTODAG:** Graad R – 7 (Individuele foto's) |
| | **ATLETIEK:** Simon Bekker, Pretoria-Oos en Magalieskruin (Tuis) |
| Woensdag, 31 Januarie | **OUERINLIGTINGSAAND:** Graad 7 (18:00) |
| Vrydag, 2 Februarie | **GESLAGSVOORLIGTING:** Graad 6 |
| | **SKOOL 121-VERJAARSDAGVIERING:** Leerders verdaag 13:00 |
| Sondag, 4 Februarie | **SKOOL VERJAAR** |
| Maandag, 5 Februarie | **BULLETJIES:** Oefening begin |
| Donderdag, 8 Februarie | **ATLETIEK:** Pretoria-Oos (Weg) |
| Maandag, 12 Februarie | **SKAAK:** Skaakaand vir Entoesiaste |
| Dinsdag, 13 Februarie | **ATLETIEK:** Cluster |
| Maandag, 19 Februarie | **HULPPROGRAM:** Begin |
| | **SKAAK:** Oefening begin |
| Maandag, 26 Februarie | **HANDBOEKKONTROLE:** Intersenfase |
| Donderdag, 29 Februarie | **RUGBY & NETBAL:** Rooihuiskraal Vriendskaplik (Weg) |
| Saterdag, 2 Maart | **RUGBY:** o/13A (Midstreamdag) |
| Dinsdag, 5 Maart | **RUGBY & NETBAL:** Garsfontein Vriendskaplik (Tuis) |
| Saterdag, 9 Maart | **GRAAD R & 1:** Opedag (9:00 – 11:00) |
| Maandag, 11 Maart | **GRAAD R-INSKRYWINGS 2025:** Ouers begin aansoeke ingee |
| Dinsdag, 12 Maart | **NETBAL & RUGBY:** Danie Malan Vriendskaplik (Tuis) |
| Donderdag, 14 Maart | **SOKKIE:** Graad 5 – 7 |
| Vrydag, 15 Maart | **ENTREPRENEURSDAG:** GSF |
| | **RUGBY:** Toer na Zwartkloof (o/9 – o/10) |
| Saterdag, 16 Maart | **RUGBY:** Toer na Zwartkloof (o/9 – o/10) |
| | **BULLETJIES:** Wedstryde (Midstream College) |
| Sondag, 17 Maart | **RUGBY:** Toer na Zwartkloof (o/9 – o/10) |
| | **RUGBY:** Toer na Volksrust (o/11 – o/13) |
| Maandag, 18 Maart | **RUGBY:** Toer na Volksrust (o/11 – o/13) |
| Dinsdag, 19 Maart | **VILLIES-OMGEEDAG:** Leerders bring nie-bederfbare produkte vir minder bevoorregte kinders. *(Leerders trek wel skoolklere aan en nie gewone klere nie).* |
| | **RUGBY:** Toer na Volksrust (o/11 – o/13) |
| | **RAPPORTE EN MERIETESERTIFIKATE:** Uitdeel |
| Woensdag, 20 Maart | **SKOOL SLUIT** |
| | **RUGBY:** Toer na Volksrust (o/11 – o/13) |
| | **NETBAL:** Toernooi te Middelburg (o/10A, B, C – o/13A, B, C) |

7.



Little Readers and Pre - Readers
CREATING A LIFELONG FOR READING
We teach kids to read, and to LOVE it!
Chantelle van Meyeren
TUTOR: MOOT-MONTANA
072 179 0278
mootmontana@littlereaders.co.za
www.littlereaders.co.za
Moot-Montana, Gauteng
Children
Pro-active reading 3-6 years
Reading Support 7-13 years
Afrikaans / English
Letter Getters
Pre-Reading Skills
Early Birdy
Early Reading Phase
Story Stackers
Foundation Phase Reading
Bilingual Boomers
FAL (First Additional Language)
BOOK BUDDY
Big Readers deserve Big Reading




We teach kids to read, and to LOVE it!
Letter Getters
Pre-Reading Skills
Early Birdy
Story Stackers
Foundation Phase Reading
• Klank en letterherkenning
• Fonologiese bewustheid
• Leesgereedheidsvaardighede
• Luisterbegrip
• Vinnige herkenning van klankies
• Fonologiese prosesse in plek
• Klank van woorde
• Geniet lees van kort stories
• Versterk die leesproses
• Oorkom lees struikelblokke in Graad 1 – 3
• Skep 'n stresvrye omgewing vir lees
• Akademiese voordeel deur ekstra lees
Ons bied steun aan lesers van 7-13 jaar
Pro-aktiewe lees 3-6 jaar
Bilingual Boomers
BOOK BUDDY
• Basiese klanke in EAT
• Geniet kort stories
• Inleiding tot Biblioteek uitdaging EAT
• Ontwikkel selfvertroue in EAT
• Ons "WEN" kinderhartjies vir LEES
• Voorgestelde boeke en idees
• Kreatiewe belonings om ekstra lees aan te moedig
• Vet pret met leesuitdagings
Afrikaans / Engels
Little Readers
www.littlereaders.co.za

# FISIOTERAPEUT

***SUKKEL JY OM DIE LEWE TE GENIET AS GEVOLG VAN PYN?***

***BESERINGS WAT JOU SPORTSEISOEN BEINVLOED?***

## ONS HELP GRAAG!



## MERIZE THERON JONES

**FISIOTERAPEUTE**

**064 848 5138 / 082 291 5372**

**Codonia laan 740**

**Nek pyn, Skouer pyn, Rug pyn, Knie pyn, Enkel pyn, Sciatica, Sinusitis, Longprobleme, Rehabilitasie, Strapping, Oefen programme….**

# VILLIERIA LAERSKOOL

## TENNIS AFRIGTING (GROEP)

17 Januarie – 20 Maart 2024 (1ste Termyn)

Elke Woensdag middag

GR R – 13:00

GR 1 – 13:30

GR 2 – 14:00

GR 3 – 14:30

GR 4 – 7 15:00 MEISIES

GR 4 – 7 16:00 SEUNS

R60 per speler per ½ hr x 10 weke = R600

*R120 per speler per hr x 9 weke = R1 200*

Kwartaalikse betalings vooruit asb.

Skryf in p/whatsapp Cornelia 082-496-9878

Coach LOUIS 061-118-6567

